# En dis my storie .... Thia Steyn (nou Ferero)

Na die matriek-eindeksamen toer ons KRATte (Kim, Ronél, Adri en ek) af Keurbooms toe vir na-skool pret en plesier. Ons kuier heerlik op die strand met Kim se ma wat ons bederf (en stil-stil ook oppas). Min het ons geweet hoe min ons mekaar gaan sien as na-skool studies eers begin.



*Foto: Die KRATTE op Keurbooms saam met 'n paar gawe vriende wat ons gemaak het ....*

Na al die pret van skool, bevind ek my in 1986 by Tuks se Vergeet-my-nie koshuis om Kleuteronderwys te gaan swot. Ek en Ronél (deel van KRAT) deel 'n koshuiskamer - ons het hope pret en gaan saam deur ontgroening en dies meer. Alhoewel ek my studies vreeslik geniet het, het dit kosbare sosiale tyd opgeslurp want die werkslading was enorm. Maar n boer(in) maak mos n plan en dan sokkie jy maar soveel jy kan en swot in die oggend-ure.

Met Grobs in die anneks oorkant die koshuis, Casper in die army en Adri by die technikon het ons darem die skool-vriendskapsbande probeer behou met Sondag-aand jazz in die stad by After Dark. Hoe ons daar gekom het kan nie ek of Adri onthou nie ....



In my 3e jaar ontmoet ek vir Nicky en ons trou in 1989 aan die einde van my 4e jaar. Tussen werk en 2 kinders grootmaak, reis en kamp ons graag en het wonderlike tye gehad in Botswana en Namibië saam met ons vriende.

In 2008 immigreer ons na Brisbane, Australië, Nicky nog steeds as stadsbeplanner en ek by n lieflike Christen skool, waar ek weer vir Jaco & Amanda van Wyk raakloop. Ek hou lankal nie meer skool nie (dankie tog) maar is nog betrokke by die skool as PA vir die hoof van die Internasionale skool op die kampus. Ek geniet my werk maar wil ook nou nie vir ewig werk nie - hopelik nog 5 jaar of so?



Arno (nou 33) is getroud met Mareli, ‘n Afrikaanse meisie wat hy hier ontmoet het en het sy eie Elektriese besigheid.  Hulle het 2 seuns, Chase (4) en Hunter (amper 2).



Jana (nou 30) is getroud met Matt, ‘n Aussie en het verpleging studeer maar doen nou alles wat kreatief is tussen kinders-grootmaak deur.  Remy is 4 en August is amper 18 maande.

Ons reis en kamp nog steeds wyd (Australië is GROOT!) en geniet ons 4 pragtige kleinkinders terdeë. Hulle woon almal n hane treëtjie van ons af en dis wonderlik om deel van ons kinders en kleinkinders se lewens te wees. Ons het n baie goeie lewe hier in Australië, alhoewel Arika maar altyd ‘n spesiale plekkie in ons harte sal hê. Ons kuier grotendeels in Afrikaans en het lieflike vriende hier.  My familie het ook al almal kom kuier  en dan is dit heerlik om hulle hier te bederf en rond te wys.

Ons kuier lekker saam met Jaco en Amanda (as hulle nie rondtoer nie) en ek en Adri het gereeld kontak, maar sien mekaar nie so gereeld as wat ons sou wou nie (soos ek sê Australië is GROOT  en Perth is 5 ure se vlieg van Brisbane) – ons vier vanjaar 44 jaar se vriendskap!

 

Ongelukkig is my pa en beide Nicky se ouers intussen oorlede. My ma woon in Nylstroom, en my sussie en jongste broer is albei nog in Pretoria en omgewing. Douw, my ander broer en sy gesin woon ook in Brisbane en ons werk op dieselfde kampus. Ons 4 kinders was bevoorregd om my ma se 80ste verjaardag almal saam in Suid-Afrika te vier in Junie vanjaar.



Ongelukkig beteken dit dat ek nie hierdie reünie sal kan bywoon nie. Ek sal probeer inskakel as ek kan. Danksy die WhatsApp groep sien ons aan die ander kant van die wêreld darem wat almal doen – lyk my almal hou nog steeds van wyn en kuier en almal soek nog steeds enige verskoning om te braai. Ditto.

Gaan groot, maatjies! En plaas asb BAIE foto's.

Groete uit Brisbane,

Thia